Hoërskool Duineveld
deur geleenthede tot uitnemendheid

Privaatsak X5886
Upington, 8800
Tel: (054) 338 8222
Faks: (054) 338 8288

www.duineveld.co.za
skoolhoof@duineveld.co.za
leerdersake@duineveld.co.za
admin@duineveld.co.za

25 Maart 2025

Geagte ouers,

NUUSBRIEF 3/2025

Die kwartaal het omtrent verby gevlieg. Dit was 'n besige kwartaal met baie skoolaktiwiteite. Ons het 'n baie suksesvolle atletiekseisoen agter die rug en ons is opgewonde oor die wintersporte wat stadigaan begin. Tussendeur het ons kinders ook die toetsreeks afgelê, ons hoop die rapporte sal die harde werk reflekteer. Hiermee die volgende inligting vir u aandag:

1. KWARTAALPROGRAM - 2/2025

- Sien aangeheg die kwartaalprogram vir kwartaal 2/2025.
- Kontroleer asseblief die datums vir u beplanning.
- Die datums is onderhewig aan verandering, veral die eksamendatums vanaf die departement.

2. APRIL SPORTTOERE 2025

- Ons wens al ons onderskeie sportspanne sterkte toe wat die komende April skoolvakansie op toer gaan.

RUGBY:

- 0/14 -0/15 spanne toer te Kwaggaweek rugbytoernooi in George (28/3 – 3/4/25)
- 0/16 span toer na die Skonk Nicolson rugbytoernooi in Pietermaritzburg (28/3 – 2/4/25)
- 0/19A en B-spanne toer te Noord/Suid rugbytoernooi in Stellenbosch (28/3 – 2/4/25)

NETBAL:

- 0/14 - 0/19A spanne toer te Menlopark netbaltoernooi in Pretoria (28/3 – 2/4/25)

HOKKIE:

- 0/14 – 0/16 spanne toer te Elise Coetzer hokkietoernooi in Bloemfontein (3 – 7April 2025)
- 0/19 spanne het reeds getoer na die Tony Godding hokkietoernooi in Oos-Londen (19 – 24 Maart 2025)

3. UITDEEL VAN KWARTAAL 1/2025 SE RAPPORTE

- Rapporte word uitgedeel Vrydag, 28 Maart 2025 in die Noordsaal van 07:00 – 09:15.
- Neem kennis van die geskeduleerde oueraand, die eerste skooldag van kwartaal 2 plaasvind;

Dinsdag, 8 April 2025 in die Suidsaal vanaf 18:00 – 19:30

- Slegs uitgenooide leerders se ouers moet dit bywoon, indien u 'n behoefte het om met u kind se klasonderwyser te vergader kan u ook 'n afspraak skeduleer buite die oueraand.

4. GRAAD 10 – 11 VAKVERANDERING

- Enige graad 10 – 11 vakverandering vir 2025 moet die eerste week van die nuwe kwartaal afgehandel wees.
- Elke vakveranderingsversoek moet vergesel word met 'n motiveringsbrief vanaf die ouer moontlike vir oorweging.
- Sluitingsdatum is Vrydag, 11 April 2025 - navrae kan gerig word aan juf. Ilza Taute en juf. Alida Kruger.

5. KWARTAAL 2 – SKOOL HEROPEN

- Die skool heropen vir die tweede kwartaal op Dinsdag, 8 April 2025.

6. DOK SE LIEFDADIGHEIDSPROJEK 2025

- Ek vra dat alle Velties en die groter skoolgemeenskap my liefdadighiedsprojek ondersteun.
- Sien aangeheg vir meer besonderhede – daar is groot pryse op die spel.
- Looitjie-verkope sluit Donderdag, 17 April 2025.

Verdermeer wil ons baie sterkte toewens vir al ons leerders wat die komende vakansie aan verskeie sporttoernooie deelneem en die ouers wat hul ondersteun. Ons is baie trots op ons Veltie ambassadeurs – Veltie Guts.

Vir almal verder wens ek 'n welverdiende vakansie toe, geniet die rustyd en wees veilig veral as u die langpad na u bestemming aandurf.

Duineveld groete

Dr. Rooies Andrianatos
Skoolhoof